# BEDIENAARS MET PREEK- EN EREDIENSLEIDINGVAARDIGHEID

## MODULE 1. GEREFORMEERDE TEOLOGIE
## UITKOMSTE, TEMAS EN ASSESSERINGSKRITERIA

### 3.1 Temas

In ooreenstemming met die doel van hierdie module sal aan die volgende temas aandag gegee word:

1. Die Drie-enige God (Triniteit)
2. Missionale Teologie
3. Omvang van die Evangelie (Loci van Sistematiese Teologie) met fokus op Skrifverstaan
4. Agtergrond en inhoud van die Belydenisskrifte (Reformatoriese sola's en Apostolicum)
5. Hermeneutiek
6. Begrip van en deelname aan onderskeidingsprosesse

### 3.2 Uitkomste

Die leeruitkomste van hierdie module is die volgende:

1. Kandidate sal oor geloofskennis aangaande die Drie-enige God en Sy heilsopenbaring beskik en in staat wees om dit in die Afrikakonteks te kommunikeer.
2. Kandidate sal 'n begrip van missionaliteit (missionale teologie) hê en in staat wees om die implikasies daarvan vir die bediening te verduidelik.
3. Kandidate sal oor inleidende kennis van die reformatoriese sola's, plot en temas van die evangelie beskik en die vaardigheid hê om die heilshistoriese verhaal oor te vertel.
4. Kandidate sal beskik oor kennis van die agtergrond en inhoud van die Gereformeerde belydenisskrifte. (Apostolicum en beleidenis van Nicea)
5. Kandidate sal oor kennis van die algemene Kerkgeskiedenis beskik en die vermoë hê om dit oorsigtelik oor te dra ter plasing van die Gereformeerde tradisie.
6. Kandidate sal oor 'n basiese verstaan van Hermeneutiek beskik.
7. Kandidate sal die beginsels van geloofsonderskeiding verstaan en in die geloofs-gemeenskap daaraan kan deelneem.

### 3.3 Assesseringskriteria

3.3.1 Verslag van getuienis gelewer aan groep in die gemeente oor die kandidaat se verstaan en oortuiging van God se selfopenbaring as Drie-enige God.

3.3.2 Voorlegging (PowerPoint of plakkaat) gemaak aan die plaaslike kerkraad waarin die missionale verstaan van kerkwees verduidelik is met aanbevelings oor hoe dit in die gemeente implementeer kan word.

3.3.3 Raamwerk van ‘n vertelling van die heilshistoriese verhaal aan die hand van die temas van die evangelie en Apostolicum volgens die model van “6 bedrywe” (NT Wright) soos voorgedra aan ‘n groep in die gemeente.

3.3.4 Raamwerk van gesprek met senior katkisante oor die agtergrond en inhoud van die Gereformeerde belydenisskrifte.

3.3.5 Klankopname van ‘n oorsigtelike vertelling van die algemene kerkgeskiedenis met fokus op die ontwikkeling en plek van die Gereformeerde tradisie daarin.

3.3.6 ‘n Werkstuk van nie meer as 5 A4 folios getik in enkelspasiëring waarin die unieke aard van “teologiese hermeneutiek” en die implikasies daarvan vir Skrifverstaan verduidelik word.

3.3.7 ‘n Beskrywing van die kandidaat se deelname aan ‘n onderskeidingsproses ter identifisering van ‘n etiese probleem/gemeenskapsbehoefte in ‘n bepaalde geloofs-gemeenskap of gemeente.

## MODULE 2. GEREFORMEERDE KERKBEGRIP
## UITKOMSTE, TEMAS EN ASSESSERINGSKRITERIA

### 3.1 Temas

In ooreenstemming met die doel van hierdie module sal aan die volgende temas aandag gegee word:

1. Kerk (Missio Dei)
2. Gereformeerde kerkregering
3. Funksie van die ampte
4. Bewussyn en verstaan van roeping

### 3.2 Uitkomste

Die leeruitkomste van hierdie module is die volgende:

1. Kandidate sal oor die vermoë beskik om te verduidelik wat die oorsprong, aard en missie van die kerk is.

2. Kandidate sal ‘n oorsigtelike kennis van verskillende gestaltes van kerkregering hê sowel as ‘n grondige verstaan van Gereformeerde kerkregering en die vermoë hê om die implikasies van missionaliteit aan gemeentelede te verduidelik en in ooreenstemming daarmee op te tree.

3. Kandidate sal beskik oor kennis van die Gereformeerde verstaan van die ampte en die beginsels van diensleierskap in die praktyk demonstreer.

4. Kandidate sal beskik oor kennis van hoe God mense roep, sy/haar eie roepingsbewussyn duidelik kan verwoord en instaat wees tot geloofsonderskeidende roepingsontwikkeling van hom/haarself en die gemeente (geloofsgemeenskap).

### 3.3 Assesseringskriteria

3.3.1 ‘n Werkstuk (5 A4 bladsye) waarin die oorsprong, aard en missie van die kerk verduidelik word tesame met ‘n evalueringsverslag voltooi deur die plaaslike leraar oor die aanbieding van die verslag aan die plaaslike kerkraad.

3.3.2 ‘n Verslag van besoeke aan leiers van drie verskillende denominasies in die kandidaat se onmiddellike omgewing met beskrywing van die vorm van kerkregering van elk van die denominasies en ‘n vergelyking daarvan met Gereformeerde kerkregering.

3.3.3 ‘n Beskrywing van die ampsbegrip van die dienende plaaslike kerkraad van die kandidaat met aanbevelings om dit uit te bou, te wysig of meer in ooreenstemming te bring met die beginsels van diensleierskap en ‘n Gereformeerde ampsbeskouing.

3.3.4 Klankopname van die kandidaat se roepingsgetuienis soos gelewer voor die gemeente tydens ‘n erediens.

## MODULE 3. HERMENEUTIEK, PREEKVOORBEREIDING EN EREDIENSBEGELEIDING
## UITKOMSTE, TEMAS EN ASSESSERINGSKRITERIA

### 3.1 Temas

In ooreenstemming met die doel van hierdie module sal aan die volgende temas aandag gegee word:

1. Eksegetiese- en hermeneutiese metodiek
2. Preekvoorbereiding
3. Preeklewering
4. Liturgie

### 3.2 Uitkomste

Die leeruitkomste van hierdie module is die volgende:

1. Kandidate sal oor die vermoë beskik om ‘n basiese eksegetiese en hermeneutiese metode te gebruik.

2. Kandidate sal ‘n basiese homiletiese metodiek kan gebruik om ‘n preek voor te berei en die evangelie met mense te deel.

3. Kandidate sal oor kennis van die wesentlike elemente van die erediens beskik en in staat wees om ‘n missionale erediens sinvol in te rig en te lei.

### 3.3 Assesseringskriteria

3.3.1 Die eksegetiese notas, preekraamwerk en 1 preek uit elk van die volgende genre’s: Pentateug, Profete, Psalms, verhalende literatuur, evangelie, briewe en apokaliptiek soos gelewer en beoordeel deur ‘n ewekansig geselekteerde paneel onder leiding van die plaaslike leraar. Die evalueringsvorms (beskikbaar op MyNotes) van die individuele paneellede moet ook ingelewer word vir opname in die Bewyslêer.

3.3.2 Die beplanning van die liturgiese inkleding in samewerking met die res van die erediensspan met die oog op drie van bogenoemde eredienste tesame met evalueringsvorms voltooi deur ‘n ewekansig geselekteerde paneel bestaande uit kerkraad en gemeentelede wat by die betrokke eredienste teenwoordig was.